e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

2 September 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 30

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Ons lidmate in Zimbabwe

Die afgelope drie jaar, en selfs langer, was die nood van ons lidmate in Zimbabwe goed bekend in die Kerk. Die Kerk en sy lidmate het dit gehoor, en gemeentes en individuele lidmate het gehelp. Mense in Zimbabwe wat andersins nie sou kon oorleef nie, het met dié hulp oorleef.

Hoe sou daar ooit na behore dankie gesê kon word? Veral die lidmate daar weet nie hoe hulle ooit sal kan dankie sê nie. Uit harte van ons mense en gemeentes is gegee en word steeds gegee vir nood wat werklik bestaan het en steeds bestaan.

Sonder die bedoeling om by mense meegevoel te wek, is dit goed om te herinner aan situasies waarin die meeste gesinne verkeer het. Om 'n plaas of plase wat oor jare opgebou is en waar hard gewerk is binne 'n uur of drie te verloor en met niks van vooraf te begin; om jou pensioen waaraan jy 'n leeftyd gewerk het net so prys te gee; om beleggings wat gemaak is met die oog op jou werk, besigheid of oudag doodgewoon te verloor; om uit 'n gerieflike woning met alle fasiliteite te verhuis na 'n buitekamer by vriende of kinders. Om voor te begin met niks terwyl daar geen werk of sprake van werkgeleentheid is nie, is nie maklik nie. Om op 78-jarige ouderdom werkies te doen vir ander om te oorleef, het menige bejaarde verder afgebreek. Die situasie sal moontlik eers oor baie jare verander.

Het omstandighede verander? Daar is nou weer kos op die winkelrakke. Ja, enigiets wat jy wil koop, is beskikbaar. Die meeste van die tyd is daar weer brandstof. Maar die kos is baie duur in vergelyking met die pryse in die Republiek. Die ergste is egter dat jy nie kan koop sonder geld nie. Die nood het dus nie opgehou nie. Ons kan die mense nie sonder meer vergeet nie.

Die belangrikste is dat die Woordbediening onverpoos voortgaan. Die Hervormde Kerk se lidmate en predikante lewer 'n groot bydrae om die bediening in Bulawayo op koers te hou. Vanuit ons gemeentes is bygedra vir die restourasie van die NG Kerkgebou, en Hervormers het die leiding geneem met die projek. Dit is miskien 'n voorbeeld vir ons in die Republiek om saam te werk oor kerkgrense heen om die evangelieverkondiging te laat voortgaan. Soos in Bulawayo, is daar elke Sondag in Harare se Hervormde Kerkgebou 'n erediens, drie uit die vier Sondae gelei deur ouderlinge waar Rinus Grau die leiding neem.

Dankie aan predikante wat geen moeite ontsien nie om in Zimbabwe te gaan werk en die Woord te gaan verkondig. Dankie aan elke gemeente, ring en lidmaat wat steeds bydra. Dit kan ek u verseker, dit is steeds nodig en noodsaaklik dat ons offer. Dit is barmhartigheidswerk in die ware sin van die woord.

Dr Fanie Pretorius

(Die redaksie het groot waardering vir dr Pretorius se persoonlike passie en ywer om die bediening in Zimbabwe te organiseer. – Redakteur)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Vakante standplaas

- **Gemeente Sasolburg-Suid** se predikant het op Sondag 4 Julie emeritaat aanvaar. Die gemeente wil so gou moontlik die **vakante volsorgstandplaas** vul, en wag daarom aansoeke in van predikante wat tot 12 jaar ervaring in die bediening het. Daar sal van kandidate verwag word om, na indiening van die aansoek en CV met 'n kort beskrywing van persoonlike visie en vaardighede, in gesprek te tree met die beroepskomitee, die gemeente op 'n Sondag met sy/haar gade te besoek en die erediens te lei. Die kerkraad behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

  Sasolburg is in die Vaaldriehoek geleë en beskik oor goeie skole asook goeie universiteite in die omgewing.

  Aansoeke moet die gemeente **voor 5 September 2010** bereik. Rig aansoeke aan die skriba, Marinda Coleske, by Posbus 40, Sasolburg 1947, of per e-pos na **nhksasolsuid@matrixnet.co.za**. Vir meer inligting, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 016 973 2147 of 083 443 6904.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Mev PH Storm

Ds Flip Prinsloo

- **Mev PH Storm**, eggenote van wyle ds Storm, is op Sondag 29 Augustus oorlede. Sy was 103 jaar oud. Die diens vind op Vrydag 3 September om 11:00 plaas in die kerkgebou van Gemeente Bronkhorstspruit, waar mev Storm lidmaat was.

- **Ds Koos en Susan Jansen van Rensburg se dogter Carina** is verlede Donderdagmiddag op pad na Bloemfontein in 'n motorongeluk oorlede. Sy laat haar man, Paul, en twee dogters agter. Die begrafnisediens vind plaas op Donderdag 2 September om 12:00 vanuit Sasolburg-Suid se kerkgebou. Ds Johann Marnewick sal die diens lei. Ons innige meegevoel gaan aan die familie.

- **Ds Flip Prinsloo**, emerituspredikant, het 'n heupvervangingsoperasie ondergaan. Dit gaan goed met hom en hy sterk tuis aan.

Dr André Ungerer

Dr Hein Delport

- **Di André Ungerer, Hein Delport en Robert Jones** ontvang gedurende September hul doktorsgrade tydens 'n gradeplegtigheid van die Universiteit van Pretoria. Di Ungerer en Delport se PhD-graad is in Praktiese Teologie, en ds Jones s'n in Nuwe-Testamentiese Wetenskap.

Dr Robert Jones

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens.
  - Vrydag 3 September: Ds Marthinus van Staden (Gaborone)
  - Saterdag 4 September: Ds Giel Malan (Newlands)
  - Sondag 5 September: Ds Deirdre van der Merwe-Botha (Krugersdorp-Wes)
  - Maandag 6 September: Ds Paul Buitendag (Volksrust)
  - Dinsdag 7 September: Ds Kobus Müller (emeritus)
  - Woensdag 8 September: Ds Manda le Roux (Rietspruit)
  - Donderdag 9 September: Ds Louis Venter (Rustenburg-Tuine)

Ds Stephen de Beer

- **Landswye Bybelvasvra:** Al die spanne moet hul deelname bevestig by Johanna Scholtz by 082 928 5592. Die finale rondte vind plaas by Gemeente Noordwestelike Pretoria op **Saterdag 11 Septembe**r om 08:30 (registrasie vanaf 08:00). Navrae kan aan ds Stephen de Beer by 083 781 2955 gerig word.

- **Gemeente Rietvallei** het ’n bedieningspan wat bearbeiding doen in die **Pretoria-Oos-hospitaal**. Gemeentes en lidmate is welkom om hulle te kontak vir ’n besoek en/of ander behoeftes. Skakel die gemeentelike kerkkantoor by 012 345 3143.

- Gemeentes kan hul bestellings vir die 2011-publikasies plaas by mev Susann van Zyl, by 012 322 8885 x291, faks 012 322 7906 of **sentik@nhk.co.za**. Die **pryse vir volgende jaar se publikasies** is soos volg:

  - *Die Hervormer* R90 vir 11 uitgawes
  - *Konteks* R130 vir 10 uitgawes
  - *Almanak/Bybelse Dagboek* R100

- Na verskeie versoeke het SENTIK besluit om weer ’n **kalender** vir gemeentes beskikbaar te stel. Die vertrekpunt is weer die kerklike jaar. Gemeentes kan dan hul eie inligting met die program van die Kerk integreer. Die konsepkalender sal binne die volgende twee weke aan gemeentes gestuur word.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Belfast: 29-31 Oktober**
  Viering van 75-jarige bestaan, tema *Van toeka tot nou*
  Gedenkblad/CD/DVD word uitgegee en ’n hoeksteen onthul
  Vrydagaand Nianell, Saterdag fees, Sondag Nagmaal met manelpakke, strikdasse en kappies
  Predikante wat verbintenisse gehad het met die gemeente, en mense met staaltjies, kontak **faniehoff@telkomsa.net** of **martinras@telkomsa.net**

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- **Saterdag 11 September om 10:00: Gemeente Noordrand Lentedagtee**
  Met Susan Coetzer en Phillip Moolman
  R70 per persoon (mans ook welkom)
  Kontak Anette by 084 500 3989 vir besprekings

- **Saterdag 11 September om 09:00: NHSV Gemeente Theresapark Lente-ete**
  Te Vivaldi, Sylviastraat 78, Heatherdale
  Met Sam, stileerder van *GlamGuru*
  R90 per persoon
  Bespreek by 012 542 2805, 012 542 3568, 082 460 6279 of 073 099 3699

- **Sondag 12 September: Gemeente Pretoria *Korrel vir Kindersorg***
  10:00 (na erediens)
  Du Toitstraat (Tussen Kerk- en Vermeulenstraat) met veilige parkering
  Koor- en musiekuitvoering ten bate van DPS-kinderhuise en Phyllis Robertson-tehuis vir gestremdes
  Gratis besoek aan SP Engelbrecht-museum
  Toegang R40
  Kaartjies by Ansie Joubert (012 321 7580)
  Skakel Jodri van Staden (084 800 3638) of Carlo de Lange (082 569 7068)

- **Vrydag 17 September: Gemeente Horison Roodepoort Lentedinee**
  Gaskunstenaars Esté Pienaar en Aalwyn van Heerden
  Puik vermaak en heerlike driegangmaal vir slegs R120 per persoon

of R1 000 vir 10-sitplektafel
Bespreek by Annemarie Strydom (083 271 3091) of David Barnard (083 441 1789)

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Parkrand: Gholfdag Donderdag 9 September om 11:00**
  ERPM-gholfbaan in Boksburg
  Borge vir bof en setperke benodig teen R1 000 elk
  Kontak Dries by 082 906 0901
  of gemeentelike kerkkantoor by 011 896 3112 (09:00-13:00)

- **Gemeente Waterberg: Gholfdag Saterdag 11 September**
  Koro Creek, Nylstroom
  2-bal, beter bal, Stableford (langste dryf)
  R150 per speler
  Bespreek by Charlie 014 717 1181 (Koro Creek)
  Navrae aan James 082 575 6902 (organiseerder)

- **Gemeentes Noordwestelike Pretoria en Philadelphia: Gholfdag Donderdag 16 September**
  Akasia-gholfklub
  R1 400 per 4-bal, R350 per persoon, borge welkom
  Kontak Sarita by 082 903 5774

- **Gemeente Louis Trichardt: Hengelkompetisie Saterdag 30 Oktober**
  Stubb en Mons-plaas in die Mopaniedistrik; akkommodasie kan gereël word
  1ste tot 3de pryse vir elke spesie in senior- en juniorafdelings, ander pryse ook
  Hengel vir baber, baars, karp en kurper in drie damme
  Motorbote toelaatbaar op grootste dam, bote met baarsmotors en kano's op kleiner damme
  R100 per deelnemende volwassene, R50 per deelnemende kind, R30 per nie-deelnemer
  Kontak ds Phillip Horn by 015 516 0550, 084 209 5189
  of **skaterkalant@vodamail.co.za**

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Laer Suidkus: Vrydag 3 September om 18:30 Garnaalfees**
  By kerkgebou te Scottstraat 3, Port Shepstone
  R140 per volwassene en R70 vir kinders onder 12
  Kontak ds Jacques Pieterse by 082 458 4482 of **jacquesjean@vodamail.co.za** vir kaartjies en/of verblyf

- **Gemeente Roossenekal: Aronskelk Potjiekosfees Saterdag 4 September**
  1ste prys: Naweek vir 2 by Tilodi Wilderness Game Lodge
  2de prys: Weber-skottelbraai. Ander pryse ook
  Kontak Hennie Prinsloo by 082 494 8359 of **aronskelk@vodamail.co.za**

- **Gemeente Magaliesburg: 4-5 September Biltongfees**
  Saterdag pretdag, Sondag lof- en aanbiddingsfees
  Tiende gaan aan Doulos-armoedebediening
  Kontak **gpj@vodamail.co.za**

- **Gemeente Premiermyn: Wen 'n Ford Bantam-bakkie**
  Slegs R100
  Wenner bekendgemaak op **17 September** se NHSV-kuieraand
  Kontak Piet by 083 230 1135

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Wen ’n boerdery**
  Gemeentes koop pakket(te) teen R5 000 elk
  Verkoop kaartjies en samel R50 000 in
  Sluitingsdatum **4 April 2011**, trekking 8 Mei 2011
  Kontak Barry of Martie Pretorius by 018 431 0331 of 082 572 2124
  of Piet en Babsie Ferreira by 018 431 0685
  of ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

Basaars en markte

- **Vrydag 3 September: Gemeente Swartkop Vrolikenotemusiekbasaar**
  Begin om 15:00, sluit af met gemeente-ete
  Kevin Leo en Ilse van der Merwe met saamsingmusiek
  Kontak Adriaan Roets by 012 654 4290 of 083 232 4424

- **Vrydag 3 en Saterdag 4 September: Gemeente Witfontein**
  7de Delwersfees
  Delf vir prysgeld van R32 500 kontant
  Kontak Dries Joubert (082 581 2142) of Ferdie Lubbe (082 552 3944)
  of Jimmy Manders by **jtmanders@icon.co.za**

- **Vrydag 3 en Saterdag 4 September: Gemeente Brackenhurst basaar**
  Vrydagaand potjiekos vanaf 18:00, om 20:00 Countdown to the Red Carpet
  Kaartjies teen R50 by kerkterrein beskikbaar
  Saterdag vanaf 09:00 basaar, stalletjies te huur teen R150
  Skakel Nadia by 071 893 9046

- **Vrydag 3 en Saterdag 4 September: Gemeente Tzaneen Willewestekarnaval**
  Begin Vrydag 12:00, vlotoptog 15:00, aandete en vertoning deur Martino en plaaslike kunstenaars
  Saterdag vanaf 08:00 ontbyt, vertoning deur Martino, stalletjies
  Kontak Emmarentia Buitendag by 083 438 2230 of ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514 of **nhkerktzn@mweb.co.za**

- **Saterdag 4 September: Gemeente Bothaville Lentebasaar**
  Ry ’n rodeobul, bewonder 20 *streetrods*
  10:00 Ebi Wouters, 11:00 veiling, 13:00 wynveiling
  Kontak 056 515 2673 of **doutie@vodamail.co.za**

- **Saterdag 4 September: Gemeente Ventersdorp basaar**
  Pretritte met veteraanmotors – geen inskrywingsfooi
  Kontak Mario Röscher by 083 566 4351

- **Saterdag 4 September 09:00: Gemeente Klerksdorp-Suid basaar**
  Van Onselenstraat 40, Neserhof, Klerksdorp
  Kontak Pieter Grobbelaar (084 816 1312) of ds Jan Wilson (082 453 0402)

- **Saterdag 4 September 09:00: Gemeente Hartebeestpoort Lentebasaar**
  Tema: *70’s Lentefees*
  Gaskunstenaar Marisa Bosman (Ester Bester)
  Maalvleis R35, wors R45, T-been R50 per kg
  Kontak gemeentelike kerkkantoor (012 252 4315) of Daan van Heerden (082 807 4225)

- **Saterdag 4 September: Gemeente Magaliesmoot Countryfees en osbraai**
  Toegang R20 vir volwassenes en R10 vir kinders onder 10
  Kontak Elma du Plessis (082 954 7955) of Emmerentia Botha (083 243 6014)

- **Saterdag 4 September: Gemeente Welgelegen-Pietersburg basaar**
  Kontak Annatjie Sandrock by **nhk.welgelegen@absamail.co.za**
  of 015 295 5464

- **Saterdag 4 September: Gemeente Montana Verejol**
  Alles rondom hoenders en ander geveerdes
  Die 3 dominees voer ***Swan Lake*** op!
  Kontak Koos Stolz of Susan Bosch by 087 802 1109 of 012 567 1753
  Stuur e-pos na **nhkmontana@gmail.com**

- **Saterdag 11 September: Gemeente Meyerspark Stoepsittersfees**
  Fondsinsameling vir blanke plakkerskampe in Pretoria
  Wen 'n 1.3 Ford Bantam-bakkie vir R250
  Kontak Fred Paynter by 083 226 8299 of **mwpaynt@mweb.co.za**
  of die skriba, Simon Kotze, by **nhmeyerspark@lantic.net**

ANDER NUUS

- Die **NHSV** beskik oor **beurse en lenings** vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings, wat wissel van R2 000 tot R6 000. Vra aansoekvorms aan by **nhsvadmin@nhk.co.za** of 012 325 0117. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2010**. Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.

- Diakonale Pleegsorg (DPS). **Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Rustenburg**. Datum van diensaanvaarding Desember 2010 maar nie later nie as 1 Januarie 2011. **Aansoeke sluit op 22 September 2010.** Getroude egpaar, verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud, lidmate van die Hervormde Kerk, goeie gesondheid en 'n aanvoeling vir kinders. Suksesvolle ouers sal benewens 'n maandelikse kontantvergoeding en mediese voordele, gratis inwoning in die DPS-huis ontvang. Kontak dr Koos Engelbrecht by 012 322 8885 (w) of 079 884 2880, of ds Roelf Coertze by 012 548 1496 of 082 572 4846.

- **Ds Joseph Motloba** van die Maranatha Reformed Church of Christ (MRCC) benodig dringend 'n **skootrekenaar**. Hy beskik wel oor 'n rekenaar by die kantoor, maar is dikwels uitstedig vir sy werk. Indien iemand finansieel kan help of dalk 'n ou skootrekenaar kan skenk, kan hulle in verbinding tree met mev Clarika Hattingh by 012 322 8885 x263 of met ds Motloba by 012 322 8885 x262.

- 'n Algemene Jaarvergadering en verkiesing van nuwe **TuksAlumni-raadslede** vind op **Donderdag 14 Oktober** om 17:00 plaas in die Ouditorium van die Boukundegebou, Hatfieldkampus, Universiteit van Pretoria. Die ampstermyne van vyf TuksAlumni-raadslede verstryk, en nominasies vir die verkiesing van nuwe raadslede tydens die vergadering word dus ingewag. Meer inligting kan van die sekretaris, dr Elmarie Liebenberg, by **elmarie.liebenberg@up.ac.za** of 012 420 3086 bekom word.

- **Dr JM van Tonder** (emerituspredikant van die **Gereformeerde Kerk Krugersdorp-Wes**) is besig met 'n doktorale studie oor die betrokkenheid van die drie Afrikaanse Kerke by die **Tweede Wêreldoorlog**, 1939-1945. Hy wil mondelinge oorlewering opteken van soldate, die polisie, kuswag en ander strydmagte, asook lede van die Ossewabrandwag. Hervormers kan hom kontak by 011 660 6164, 082 544 2879 of **altydbeter@gmail.com**.

- **NG Kerk Noordelike Sinode: Ekologiekonferensie**
  Saterdag 4 September 08:00 NG Kerk Monumentpark
  R100 per persoon, sluit verversings in
  Skakel Gustav Claassen by 082 856 1943



- Ons Tuis in Riviera, Pretoria, bied **tydelike verblyf** in goed toegeruste wooneenhede teen R550 per dag vir twee persone wat deel en R350 enkel – sluit drie etes in. Navrae aan Elize Mans by **otbestuur@otmt.org** of tydens kantoorure by 012 329 3623.

- **Van der Hoff Teologiese Vereniging** verkoop dasse teen R110 elk. Kontak Lisa-Mari Swanepoel by **lisamari.swanepoel@gmail.com** of 083 943 4561.

- **Vrydag 3 September** is **Loslitdag**. Maak ’n **R10-donasie** deur ’n **plakker** te koop en op dié dag te dra, en wys jou ondersteuning vir persone met gestremdhede. Vir meer inligting, besoek **www.loslitdag.co.za**, of kontak Karin du Toit van die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO) by 012 320 7644 of 082 500 9301.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Vrydag 3 September: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering
  - Woensdag 8 September: Direksie van die Kinderhuise

ADVERTENSIES

RIETFONTEIN-OORNAG (PRETORIA)

Selfsorgeenhede
- gerieflik, netjies, stil, selektief
- naby hospitale, hoofweë, sentrums
- mandjie-ontbyt op aanvraag
- bekostigbaar
- veilige parkering

Kontak Adaleen by 083 345 7717

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente uitgebreide inligting oor ’n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

AGTERBLAD

SENTIK-publikasies 2011

Die 2011-pryse van SENTIK se gereelde publikasies is nou bekend. Gemeentes word versoek om hul bestellings teen die einde van Oktober 2010 aan mev Susann van Zyl van SENTIK deur te gee, by 012 322 8885 x291, faks 012 322 7906, of sentik@nhk.co.za.

***Konteks* – R130**
Konteks is die Kerk se eie gesinstydskrif, en verskyn 10 keer per jaar. Elke uitgawe wil deur teks en beeld inspireer. Met ’n wye verskeidenheid rubrieke word kleuters, kinders, jongmense en volwassenes geakkommodeer. *Konteks* wil soos ’n gesinslid in elke huis wees.

***Die Hervormer* – R90 en *e-Hervormer* – gratis**

Die Hervormer is die Kerk se amptelike mondstuk, en verskyn 11 keer per jaar. Dit vertel hoe die goeie nuus van die evangelie in ons Kerk grondvat. Dit bied inligting en opinies oor belangrike aktuele sake. In *Die Hervormer* hoor ons die hartklop van die Kerk.

Die *e-Hervormer* versprei weekliks kerknuus, kennisgewings en advertensies by wyse van elektroniese pos. Enigiemand kan gratis daarop inteken. Dit verskyn in twee formate: Die volledige weergawe bevat kleur en foto's, terwyl die meer kompakte drukweergawe slegs die teks in swart en wit saamvat. Met die *e-Hervormer* bly jy op die hoogte van die nuutste gebeure in die Kerk en haar gemeentes.

***Almanak/Bybelse Dagboek* – R100**

Die *Almanak* bevat inligting oor al die predikante en standplase van die Kerk, sinodale kommissies en rade, en statistieke van belydende lidmate en gemeentes. Die *Almanak* is onmisbaar vir ampsdraers en lidmate van die Hervormde Kerk, sowel as ander kerke in Suid-Afrika.

2011 se *Bybelse Dagboek* is so ingerig dat die gebruiker by wyse van spreke met 'n voëlvlug deur die Bybel geneem kan word. Daar is ook rekening gehou met die kerklike jaar. Die *Bybelse Dagboek* is 'n selfstandige publikasie wat in 'n omkeerformaat saam met die Kerk se jaarboek gebind is.

In 'n gebaar van welwillendheid is besluit om, ten spyte van stygende koste, die prys van die *Almanak*/*Bybelse Dagboek* vanjaar onveranderd te hou.







Daar is ook 'n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto's) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat vandeesweek 226 kilogrepe groot is.

Vind die drukkersvriendelike weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur 'n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx